# Proefskrifbespreking / Dissertation Review

**Van Wyk, G M J, 1994 — Metaphéroo: Die metaforologie van Hans Blumenberg.**

Ongepubliseerde proefskrif, Doktor in Filosofie, Promotor: Prof J J Snyman
Randse Afrikaanse Universiteit.

**Resensent: Prof Cornel du Toit**

Die proefskrif van Van Wyk is 'n welkome bydrae tot die literatuur in Afrikaans oor die metafoor. Dit is voorts ook die eerste studie van die soort in Afrikaans oor Blumenberg. Dit is nie net Blumenberg se metafoorteorie wat aan die orde kom nie, maar ook die kwessie van rasionaliteit, estetiek en aanverwante sake soos modernisme - postmodernisme, die fenomenologie, taal en denke, geskiedenis, tyd, metafisika, ensovoorts, wat binne die filosofie (en teologie) tans van belang is. Alhoewel die werk 'n filosofiese voorkennis veronderstel, is dit redelik toeganklik en kan dit sterk aanbeveel word vir elkeen wat in die teologie belangstel, omdat vele sake wat sterk op die teologiese agenda figureer hier behandel word. Van Wyk se formuleringsvermoë, taalgebruik en skryftrant verhoog die plesier van die teks. Die proefskrif is voorsien van 'n outeurs- en sakeregister wat baie gerieflik is vir naslaandoeleindes. Om die leser te motiveer om die werk ter hand te neem word 'n vlugtige toer deur die werk onderneem en sommige hoogtepunte uitgewys.

Die skrywer sien sy proefskrif as 'n poging om 'n bydrae te lewer tot die Blumenberg-navorsing deur Blumenberg se filosofie as 'n vorm van redekritiek te behandel (bl 6). Die moderne rede het veel beloof en relatief min vermag. Dié rede is mettertyd bevraagteken. Dit is veral die wetenskaplik instrumentele rede, die historiese rede en die estetiese rede wat deur Blumenberg se filosofie in behandeling geneem is. In besonder interesseer die wyse waarop sy metaforologie hierdie redekritiek uitbeeld. Daar word kursories na die klassieke metafoorteorie van Aristoteles gekyk, na Luther, Kant, en ook onder andere na Nietzsche en Cassirer. Regdeur die proefskrif word die verband wat Blumenberg met Kant, en veral met Nietzsche het, aangedui. Die aansluiting vind veral op die gebied van die estetiek plaas.

By Blumenberg het ons te doen met 'n narratologiese metaforologie, wat 'n nadenke oor metafore in die vorm van begripshistoriese narratiewe is. In Blumenberg se metaforologie kom tegelyk ook sy redekritiek aan die orde.

Van Wyk is oortuig dat 'n eietydse redekritiek ontwerp moet word en dat die ontwerp van 'n metaforologie hierin ingebed moet wees. Vir so 'n eietydse redekritiek kyk hy oorsigtelik na fasette van die werk van Foucault, Derrida, Habermas, Lyotard en Welsch.

Volgens Habermas het die postmodernisme nog nie aangebreek nie, omdat die postmoderne poging om die argumentatiewe likwidasie van die rede deur te voer, nie oortuig nie, want daar word geen substituut vir die argumentatiewe rede aangebied nie. Hiervan verskil Van Wyk en hy verwys na Lyotard as bewysvoering.

Lyotard is geen modernistiese denker nie. Hy bedryf nie 'n oorsprongsfilosofie of 'n filosofie van die subjek — kenmerkend van die modernisme — nie (bl 67). Tog vind ons by hom, as postmoderne denker, geen vyandigheid teenoor die rede nie. Hy sien die postmodernisme as niks anders as die radikaal moderne nie. Lyotard meen dat geen mens meer 'n uitspraak met universele geldigheid kan maak nie. Ons het geleer om die veelheid raak te sien en te herken (bl 68). Die postmoderne wil nie die moderne bedreig nie, maar die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

sien en te herken (bl 68). Die postmoderne wil nie die moderne bedreig nie, maar die demokratiese visie van die moderne opneem en uitbou tot 'n radikaal moderne tradisie. Lyotard plaas, anders as Habermas, die herkenning van pluraliteit eerder as die bereiking van konsensus, voorop. Daar bestaan nie 'n meta-reël vir die beslegting van diskursiewe konflik nie (bl 69). Dié siening van Lyotard sluit goed aan by die metafoorsiening wat ruimte bied vir assosiatiewe verbinding en waar 'n veelheid van impulse kreatiewe interpretasie stimuleer.

Welsch aanvaar die veelheid van vorms van die rede, maar sien die eenheid in die oorgange en verbindings tussen die verskillende vorms van redelikheid (bl 71). In plaas van 'n universele geldigheid word die klem nou eerder geplaas op rasionaliteitsvorms wat 'n bepaalde korrespondensie met mekaar vertoon. Die rede oorwin nie pluraliteit nie, maar bring pluraliteit as 'n vorm van redelikheid na vore. Die rede het so eerder 'n interrasionele as 'n meta-rasionele vermoë. Daar is dus 'n korrelasie tussen verskillende tipes van rasionaliteit. 'n Bepaalde wetenskaplike paradigma het nie meer universele geldigheid nie. Dit het alleen geldigheid vir 'n sekere ry van rasionaliteitsvorms wat 'n bepaalde korrespondensie met mekaar vertoon (bl 72).

Die skrywer vereenselwig hom met 'n begripshistoriese benadering wat op differensiasie en pluraliteit konsentreer om die metafoor te bestudeer. Die narratologiese aanslag word verkies bo die teoretiese omdat dit pluraliteit beter kan akkommodeer (bl 75). Van Wyk sien Blumenberg se filosofie as 'n voortsetting van Kant se insig dat die eenheid van die rede nie anders as via sy verskeidenheid bedink kan word nie. By Blumenberg het die rede pluraal geword. Dit impliseer onder andere dat die meesterverhale van die metafisika se mag ondermyn is en dat elke indiwidu nou die taak het om deel te neem aan die konstituering van die werklikheid deur sy eie verhale te vertel (bl 93).

Die besef van die grense wat die rede het, kom in Blumenberg se metaforologie sterk na vore en hierop konsentreer die skrywer om nie net te volstaan met 'n rede-kritiek nie, maar hierdie kritiek in te bed in die breë lewenservaring.

In Blumenberg se filosofie kom die redekritiek op baie wyses indirek ter sprake. Hy bevraagteken die konvensies van die tyd, handhaaf die tradisiemag van die Grieks-Christelike kultuur sonder om daaraan 'n totalitêre karakter toe te ken (bl 80) en poog om absolutes uit die lewe te verwyder (bl 82).

Van Wyk tipeer sy filosofie as ekumenies van aard (bl 83). Dit is 'n ekumeniese gespreksvoering ook met die stemme uit die verlede. Filosofie is herinnering en die geskied veral deur die vertelling (narratief). Nuwe moontlikhede lê nie net in die toekoms nie (bl 85). Die ontwikkeling van 'n ekumeniese geheue bring die besef van die onbeantwoordbaarheid van baie vrae, en die plek van die mens voor die syn.

Dit gaan in die metaforologie nie om laaste waarhede, ontologieë, synsgeskiedenisse, of die ontwerp van 'n metafisika nie, maar om die vertel van verhale wat bydra tot die konstituering van die mens se werklikheid (bl 94).

Blumenberg reageer net soos Foucault, Derrida, Lyotard en Habermas op die dwang van Kant se bewussynsfilosofie (bl 96-97). Foucault het daarop gewys dat die kennende subjek homself/haarself uit die gevangenskap van die metafisika bevry het, om hom/haar net weer te verslaaf met die wete dat die kenproses van die bewussyn oneindig krag vra. Kant transformeer volgens Foucault hierdie eindige kenvermoë van die mens tot die transendentale



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

voorwaardes van 'n oneindige voortstuwende kennis. Dit kom tot uitdrukking in 'n onbeheersde drang tot meer en meer kennis, 'n wil tot kennis en tot waarheid, wat op sy beurt weer kennis en mag met mekaar verbind (bl 54-55). Die kritiek teen Kant se bewussynsfilosofie is op die vlak van die taallogika deur Nietzsche en Habermas gedoen (bl 64). Hierby sou ook Blumenberg aansluit.

Blumenberg reageer teen hierdie bewussynsfilosofie, veral deur te konsentreer op taal en spesifiek die metafoor. Taal handel nie oor 'n korrespondensie tussen woord en saak nie, dit het soos metafore 'n gelykeniskarakter. Die werklikheid self vertoon dikwels 'n metaforiese struktuur wat impliseer dat die werklikheid nie 'n ondeelbare geheel is nie, maar 'n meerduidige karakter het waar sake analogies aan mekaar verwant is. Insig in die metafoor is dus insig in die konstruksie van die mens en die werklikheid (bl 105).

Blumenberg se begripsgeskiedenis van die metafoor word oor 'n lang tydperk ontwikkel en die skrywer gee aandag aan die tien belangrikste monografieë. Dié werke verdien om gelees te word en word daarom genoem. Hulle is: *Die Legitimität der Neuzeit* (1966); *Die Genesis der kopernikanische Welt* (1975); *Arbeit am Mythos* (1979); *Schiffbruch mit Zuschauer* (1979); *Die Lesbarkeit der Welt* (1981); *Lebenszeit und Weltzeit* (1986); *Die Sorge geht über den Fluss* (1987); *Das Lachen der Trakerin: Eine Urgeschichte der Theorie* (1987); *Matthäus-passion* (1988) en *Höhlenausgänge* (1989).

Daar word in die werk kortliks gekyk na die fenomenologie van Husserl, Blumenberg se siening van fenomenologie en hoe hy dit metafories integreer. Die fenomenologie vind neerslag in Blumenberg se metaforologie wanneer daarop gewys word dat soos fenomenologiese aanskouing eers afstand veronderstel, die metafoor ook afstand skep en dat betekenistoeeïening alleen indirek deur herinterpretasie geskied (bl 124-133). Begripsgeskiedenis is 'n geskiedenis van konsepte. Die begripsgeskiedenis van die metafoor is 'n nadenke oor die tydbewussyn aan die hand van die geskiedenis van begrippe en metafore (bl 133-4). As begrippe het metafore geskiedenisse. Metafore het 'n geskiedenis omdat hulle altyd meerduidig is en nooit eenduidig vasgelê kan word nie. Dit wat deur Blumenberg 'n absolute metafoor genoem word (bl 157) is eintlik die diaforiese dimensie van die metafoor. Dit is die dimensie van die metafoor wat nie met 'n begrip vervang of opgelos kan word nie. Sonder dat dit spesifiek so genoem word, is dit hierdie dimensie van die metafoor wat in Blumenberg se metafoorgebruik deurgaans 'n belangrike rol speel. As voorbeelde dien die identiteitsdenke.

Die diaforiese dimensie van die metafoor maak, soos genoem, die begripsgeskiedenis moontlik (bl 141), dit bemoeilik identiteitsdenke (bl 145), dit `verklaar' die onbegryplike waar die onbegryplike nie niks is nie, maar iets wat die onuitspreeklike probeer verwoord (bl 148), dit verklaar die grenskarakter van taal waar die meerduidige en oop karakter en vryheid van taal juis 'n steriele eenduidige taalgebruik verhinder (bl 151-2). So sê 'n poëtiese sowel as filosofiese metaforiek meer as dit waartoe die mens direk toegang het. Die metaforologie (veral in die diaforiese dimensie daarvan) kan dus baie gepas die hermeneutiese konsep meerduidigheid implementeer (bl 182).

Die waarde van mite, metafories-meerduidige taalgebruik ensovoorts word beklemtoon as Van Wyk sê dat die `oorgang' van mite na *logos*, van metafoor na begrip, van meerduidige taalgebruik na eenduidige taalgebruik en van omgangstaal na `eenduidige' wetenskaplike taal 'n onrealistiese ideaal is (bl 185).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die laaste deel van die proefskrif dui aan hoe Blumenberg die oorgang van metafoor na die estetiese bewerkstellig. Dit word gedoen met verwysing na die werke *Arbeit am Mythos, Schiffbruch mit Zuschauer, Die Lesbarkeit der Welt, en Matthäus-passion*.

Die werk van Blumenberg oor die mite is baie waardevol vir 'n positiewe herwaardering van die mite (bl 188-199). Mites is nie bloot deur die mens uitgevind nie — dit is oergedagtes wat hulleself in die lewe ingedring het (bl 194). Mite is veel meer as voorstadium van die *logos* en kan nooit deur die *logos* vervang word nie. Die mite is antropologies onmisbaar. Ons besit geen ander werklikheid as ons eie geïnterpreteerde werklikheid nie. Hiervoor is die mite noodsaaklik. Dat daar leemtes in die mens se leefwêreld gekom het, mag daarop dui dat die mite reeds tot 'n einde gekom het (bl 189). Die toekoms van die mite is aangewese op veelduidigheid, wat 'n alternatief vir en korrektief op die objektiwiteit van die wetenskappe is (bl 199).

Die behandeling van die werk *Die Lesbarkeit der Welt*, is 'n boeiende uiteensetting van die ryke verskeidenheid van verskillende boekmetafore wat Blumenberg bespreek. Die verskillende sienings van die boek in die Westerse tradisie kom aan die orde. Daar is 'n konkurrensie tussen die een boek (Bybel) en baie boeke van die nuwe tyd (moderne en natuurwetenskap). Die boekewêreld het substituut vir die natuur geword. Dit bring ook konflik, omdat die natuur as boek in moeilik ontsyferbare matematiese tekens (retoriek van die wetenskap) geskryf is (bl 209-210). Die spanning tussen lees en ervaar asook dié tussen biblioteek en laboratorium word bespreek.

Van Wyk plaas Blumenberg se filosofie binne die redekritiese projek van die postmoderne (bl 250-251). Die motivering hiervoor is Blumenberg se reaksie teen die instrumentele rede. Blumenberg was een van die eerste van 'n nuwe geslag denkers wat die meerduidigheid van die kuns, van alle taalgebruik en van die werklikheid besef het. Aan die een kant kan die rede nie anders as om binne die konteks van wat Van Wyk 'n pluraliteit van redelikheid noem, aan die orde gestel te word nie. Daar kan egter ook nie bloot met 'n heterogeniteit van verskillende vorms van redelikheid volstaan word nie. 'n Nuwe konsep van die rede moet ontwikkel word waar die werklike verskille tussen die verskillende vorms van redelikheid ernstig geneem word en waar die oorgange tussen verskillende vorms van redelikheid bedink moet word. Dit kan deur die redekritiek van die postmoderne gedoen word (bl 250). Die een manier waarop dit gedoen kan word, is die postmoderne kunsinterpretasie. Die postmoderne kuns proklameer 'n nuwe versoening van kuns en werklikheid waar kuns, anders as in die moderne, volledig selfgesentreerd en selfverwysend van aard was. Die kuns word nou in die wêreld tuisgemaak en deur die herintegrasie van kuns en leefwêreld vind 'n opwaardering van die massakultuur plaas (bl 251-252). Weereens oordeel Van Wyk dat Blumenberg se filosofie goed binne die projek pas.

Die metafoor is 'n kunswerk in die kleine en soos wat dit nie tot 'n formule verstar kan word nie, so is dit belangrik dat by enige kunswerk die verskeidenheid van estetiese interpretasies sal gedy. Anders as in die verlede sal daar nie meer na één regte verstaan van 'n saak gesoek word nie, maar sal daar na alle moontlike fasette daarvan gekyk moet word (bl 255).

Die proefskrif van Van Wyk verdien om wyd gelees te word en sal hopelik stimuleer tot 'n (nuwe) ontmoeting met Blumenberg self.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services